Wapadrand Boeredansgroep

8 Mei 2017

Aansoek om borgskap

Wie dit mag aangaan

Agtergrond

Die Wapadrand Boeredansgroep is in November 2004 gestig met die primêre doel om die Afrikaner se volksdans-kultuur aan sy jeug bekend te stel sodat dit met entoesiasme en trots beoefen, uitgebou en vertoon kan word.

Die groep is saamgestel uit kinders tussen die ouderdomme 12 en 17 jaar. Vertonings sluit in die immergewilde Wals, die Kadriel, Setees, Mazurka en Polka wat uitgevoer word op Afrikaanse- en boeremusiek.

Die groep neem sedert 2008 deel aan die Nasionale Eisteddfod en het reeds 2 silwer, 2 goud en 4 diplomas losgedans.

Sedert 2010, vanaf ons eerste deelname, is die groep 'n hoogtepunt op die program by die Tshwane Jeug Kunstefees wat aangebied word in die Pretoria Staatsteater.

Ons was betrokke by die vrystelling van Rooiwarm, 'n CD projek van die FAK waar volksliedjies 'n nuwe baadjie gekry het. Die groep het by verskeie geleenthede saam met die kunstenaar, Andries Hendrik Potgieter, opgetree om hierdie CD te bemark.

In 2013 verskyn die groep, waar ons 'n setees saam met ander volwassenes dans, in KykNet se FAK Viertrek dokumentêr met die 175 jaar herdenking van die Groot Trek.

19 Oktober 2013 het ons 'n massa boeredansvertoning in Bloemfontein tydens die Nasionale Vrouemonument 100 jaar vieringe gelewer, 'n Hoendervleis geleentheid wat jonk en oud met hartseer maar ook trots gevul het oor ons herkoms.

Die groep tree op by die Voortrekkermonument maar ook op uitnodiging by onder andere koöperatiewe geleenthede waar die toeskouers geleentheid kry om saam te dans. In 2015 het die groep dan ook die Afrikaner kultuur verteenwoordig tydens OutSurance se Vryheidsdag vieringe.

Sel: 082 923 6177 Epos: boeredansgroep@gmail.com Webwerf: www.boeredansgroep.co.za

In 2016 verstom ons oud en jonk met 'n vertoning deur ongeveer 60 pare boeredansers (kinders en volwassenes) tydens Erfenisdag op 24 September by die Voortrekkermonument in Pretoria.

Ons het al verskeie musiekvideos saam met die konsertina speler Hannes Schoeman en sy orkes gemaak wat kommersieël bemark word. Ons het ook al saam met die Boeremusiekgilde en Tradisionele Boeremusiek Klub van Suid Afrika opgetree.

Op ons kerfstok kan ook optredes getel word waartydens ons oor kultuur- en selfs landsgrense die danse vertoon en die toeskouers betrek word om mee te doen.

Ek bied jaarliks,'n kursus vir volwassenes en twee boeredanskampe vir kinders aan waarvan laasgenoemde as voedingsbron dien vir die groep. Sedert 2004 het daar reeds 'n totaal van 675 kinders hierdie kampe bygewoon.

België 2018

'n Groot eer het die groep te beurt geval nadat Danie Langer, besturende direkteur van die FAK vir ons die geleentheid geskep het om deel te neem aan die „Volkskunstweek" wat elke tweede jaar in Sint Niklaas, België aangebied word (http://www.ossaart.org). Groepe wat in die verlede al aan die fees deelgeneem het sluit in Duitsland, Spanje, Swede, Hongarye, Italië, Oostenryk en Engeland.

Ons het reeds kontak gemaak met die organiseerders en hulle is baie opgewonde om 'n groep vanuit Suid-Afrika in te sluit in die feesprogram. Die program bestaan uit daaglikse optredes deur al die verteenwoordigde lande op verskillende plekke in Sint Niklaas en daar is ook tyd vir saam kuier en blootstelling aan ander kulture. Beslis 'n ervaring wat onvergeetlike herinneringe sal skep.

Die groep beplan om na België te vertrek op 5 Augustus 2018 en weer terug te keer op 19 Augustus 2018.

Om 'n profesionele en eg Suid Afrikaanse beeld asook ons leuse „Ons sing, praat en DANS in Afrikaans" uit te dra is daar bo en behalwe die standaard reiskostes ook ander kostes.

Ek rig hierdie skrywe met 'n vriendelike versoek om borgskap vir enige van hierdie onkostes, soos uiteengesit in Aanhangsel A, hetsy monetêr of die artikels bv dagsakke, hemde of baadjies. Ons gee graag op gepaste wyse erkenning aan al ons borge. Geen bydrae is te klein nie en sal dit vir 'n kind moontlik maak om hierdie ervaring mee te maak.

Uit bogenoemde inligting kan u aflei dat hierdie groep sedert sy ontstaan in 2004 by verskeie uiteenlopende projekte betrokke was en is en gee ek u dus die versekering dat u nie sal spyt wees om verbind te wees aan hierdie dansgroep en projekte wat ons aanpak nie. Gaan kyk gerus na die groep se doen en late op www.boeredansgroep.co.za

U gunstige oorweging sal hoog op prys gestel word.

Vriendelik groete

Danette Smith
Groepleier: Wapadrand Boeredansgroep

AANHANGSEL A

Begroting : België 2018

Hieronder uiteengesit waarvoor ons fondse benodig:

Item	Bedrag / persoon	Totaal	Nota
TOER			
Vlugte, visums, ekskursies, vervoer, akkommodasie	R 25,100.00	R 753,000.00	30 mense
KLEREDRAG toer en optree			
Optree drag	R 300	R 7,200.00	24 dansers
Sweetpakke / Drimac baadjies BTW ingesluit)	R 350.00	R 12,201.19	30 mense
Toerhemde BTW ingesluit (x 1 per persoon)	R 252.00	R 8,770.59	30 mense
Gholfhemde BTW ingesluit (x 1 per persoon)	R 187.00	R 6,409.76	30 mense
Dagsakke BTW ingesluit	R 220.00	R 7,623.18	30 mense
BEMARKING			
Geskenke / memorobilia aan gasteouers	R200,00	R 4,800.00	24 dansers
Draagbare klankstelsel vir optredes	R 3,500.00	R 3,500.00	nvt
Pamflette: bemarking van dansgroep tydens optredes	R 1,127.00	R 1,127.00	nvt
Nasionale vlag	R 365.00	R 365.00	nvt
Dansgroep bannier vir bekendstellings seremonie	R 291.00	R 291.00	nvt
TOTAAL		R 805,287.72	

Akkomodasie
12 – 17 Augustus: Verblyf verskaf deur gasheer organisasie
6 – 11 Augustus en 18 Augustus: 6 nagte : verblyf vir groep se eie rekening wat ingesluit is in die toer kostes hierbo.

Bankbesonderhede:
FAK HL Hulpfonds
ABSA
Rek nr: 9187902576
Verwysing: België 2018
Internasionale Swift Kode: ABSAZAJJ

Stuur asb bewys van betaling aan: boeredansgroep@gmail.com
Kontakpersoon: Danette Smith
082 923 6177